**Tegnologie-oplossings wat vir vroue werk**

**Linda Zuze***

In Oktober 2020, iewers tussen die eerste en tweede vlae van die pandemie in Suider-Afrika, bel my ma my om my die nuus mee te deel dat sy met kanker gediagnoseer is en dringend geopereer moet word. Dit was die tipe nuus wat ons almal in daardie tyd gevrees het. Teen die tyd dat ek 'n Covid-19-toets en 'n vlug gereël kon kry op een van die min lugrederye wat in daardie stadium ons lugruim deurkruis het, was sy reeds klaar geopereer. Sy het stadig maar goed herstel. Wat hierdie verhaal merkwaardig maak en waarom ek kies om dit op Internasionale Vrouedag (8 Maart) te vertel, is die gebeure wat die foonoproep voorafgegaan het. Haar optrede is 'n weerspieëling van dié van vroue regoor die vasteland wat nuwe tegnologieë gebruik om beheer oor hul lewens te neem.

My ma het vir 'n hele aantal maande vóór haar operasie nie gesond gevoel nie. Daar is egter vir haar gesê sy het niks om oor bekommerd te wees nie. Haar ouderdom in ag genome, het dit goed gegaan met haar. Sy was egter nie oortuig hiervan nie en het gedoen wat enige tegnologies-vaardige 70-jarige vrou van Afrika sou doen. Sy het dr Google geraadpleeg. Ek beveel geensins aan dat Google professionele mediese kennis moet vervang nie. Maar vir my ma het toegang tot digitale tegnologie in die middel van 'n pandemie haar bemagtig om na antwoorde te soek. Dit het daartoe gelei dat sy op 'n biopsie aangedring het, wat tot 'n operasie aanleiding gegee het wat haar lewe gered het.

Oor die algemeen lig ek my wenkbroue wanneer ek lees watter transformasie die digitale revolusie vir vroue in lae-inkomstelande meebring. En tog is ek al hoe meer oortuig dat ons vordering maak in plekke waar digitale dienste spesifiek pasgemaak word vir vroue wat dit die nodigste het. Dit kan deels wees omdat hierdie dienste gapings in sorg of toegang vul wat deur onbillike finansiële en gesondheidstelsels veroorsaak is. Sommige van hierdie hulpmiddels is onbekend, maar beteken nie hulle is buite bereik indien vroue gewys word om dit te gebruik nie. Al is toegang aan die toeneem, kan sosiale norms natuurlik vroue nog steeds verhoed om bestaande digitale oplossings ten volle te benut.

Dit kan somtyds makliker wees om eerder tegnologie as ingesteldhede te verander, maar dit kan reusevoordele vir vroue inhou. Toegang tot die regte hulpmiddels op die regte tyd kan selfs lewens red.

Klik **hier** om die res van die artikel soos geplaas te lees.

**Dr Linda Zuze is die direkteur van IDinsight Suider-Afrika en 'n navorsingsgenoot by ReSEP (Navorsing oor Sosio-ekonomiese Beleid) in die Departement Ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch.*